**AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS**

**SONDAG 23 AUGUSTUS 2026**

# GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

*Ons bid dat die Woord van die Here alle mense van alle tale en kulture mag bereik.*

## LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

**Sleutelteks: Matteus 16:21-28**

**Ander tekste: Eksodus 1:8–2:10; Psalm 105:1-6, 23-26, 45b; Romeine 12:9-21**

**SONDAG, 23 AUGUSTUS**

**DERTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**
**BYBELSONDAG**

09:00 Oggenddiens
Kleuter- en Kinderkerk
Deuroffer ten bate van: Gideons
Erediensspan 3 – Elda van der Merwe

**Na afloop van die erediens**

- Gemeentetee
- Senior Kategese

**MAANDAG, 24 AUGUSTUS**

19:00 Sportmanne Bybelstudie
19:00 Vroue Bybelstudie

**DINSDAG, 25 AUGUSTUS**

09:30 Senior Burger Bybelstudie

**WOENSDAG, 26 AUGUSTUS**

GEEN Bybelstudies

**DONDERDAG, 27 AUGUSTUS**

**Sopkombuis**
**Sopkokers:** Mari Bothma, Ronel Le Grange, Roezan Lewis, Lyta Van Wyk, Jacomina Swart, Surina Viljoen, Marietjie Basson

**Sop warm maak beurt:** Surina Viljoen

**VRYDAG, 28 AUGUSTUS**

**SATERDAG, 29 AUGUSTUS**

**SONDAG, 30 AUGUSTUS**

**VEERTIENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD**
**DANKBAARHEIDSONDAG**
**NASIONALE BIDDAG VIR DOWES**

09:00 Oggenddiens
NAGMAAL
Deuroffer ten bate van: Instituut vir Dowes
Erediensspan 2 – Heidi Jonas
GEEN Kleuter- en Kinderkerk – kinders woon Nagmaal saam met ouers by

**Na afloop van die erediens**

- Senior Kategese

**GEEN** Gemeentetee

# GEMEENTENUUS



1. Helen Lintvelt is steeds in die hospitaal.
2. Marietjie Basson gaan die komende week in vir ‘n knievervanging.
3. Luci Mulder se broer, Johan de Beer, sterk aan by die huis, nadat hy in die hospitaal was.

# VAN ALLES EN NOG WAT

1. Ons nooi almal wat belangstel om 3 September 2026 om 19:00 te kom deelneem aan ’n gesprek rondom die sakramente.
2. Di Johan en Adriaan is vanaf 24 tot 27 Aug 2026 op ’n leraarsaamtrek by Goudini. Kontak jou blokleier of kerkkantoor tydens kantoorure indien jy ’n leraar dringend benodig.

# VERJAARSDAE VIR DIE WEEK



23/08 Lala Nel(85), Ray Pitt-Bower, Eljalie du Plessis, Annika Cuperus, Lizé Fryer
24/08 Stefan Botma, Elizma den Heyer
25/08 Leon Ehlers(87), Leandri Kruger, Jantjie Muller, Jakes Kearney
26/08 Jan Geldenhuys, Danie Bruwer
27/08 **Tim Burrows**
28/08 Estelle Conradie, Elmien Boyes, Louani Swanepoel
29/08 Petro Combrinck(80), Tia Welman, Stiaan van Zyl, Vasti Muller, Ian van der Walt

# POTJIE-KOMPETISIE & GEMEENTE-ETE

*19 September 2026*

★Kompetisie inskrywings is gratis. ★Sluitingsdatum vir inskrywings is 11 September 2026.

★Die inhoud van die pot word geskenk vir Gemeente-ete. ★R50 per ete.

★Kontak die kerkkantoor vir inskrywings, verdere inligting en etekaartjies.



***Mariana sal vanoggend in die saal wees vir die etekaartjies***

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

**DIE GIDEON BEDIENING – DIE EVANGELIE IS ONS MISSIE**
Die Gideons Internasionaal is ‘n vereniging vir Christen sake- en professionele manne, met die doel om SIELE VIR JESUS TE WEN. Ons doen dit deur persoonlike werk (getuienis) asook die verspreiding van God se woord.

Die Gideons vereniging het reeds in 1899 in die VSA ontstaan & in 1950 in SA begin. Tans funksioneer ons in meer as 200 lande wêreldwyd. Die lande sluit onder andere Rusland, Mexico en ook Groenland in. Die Gideon Testamente word in meer as 100 tale gedruk en versprei. China is een van die lande wat nog amptelik vir die Gideons geslote is, maar daar is reeds heelwat mense wat by die organisasie aangesluit het en hulle versprei reeds meer as ‘n halfmiljoen Testamente in een jaar.

Met die ondersteuning van kerke en vriende, dmv gebed & finansies en natuurlik deur die groot genade van die Here, is die Gideons in staat gestel om sedert sy ontstaan meer as 2.5 BILJOEN Testamente wêreldwyd te versprei!!

Die Gideons Internasionaal in SA se Bellville-tak, waarvan De Eike gemeente deel vorm, kon die afgelope administratiewe jaar die volgende Bybels plaas;
Totale plasings was 13 210 en is soos volg verdeel :

| | | |
|---|---|---|
| • Skole | 11 860 | 89,8% |
| • Selle | 1 218 | 9,2% |
| • Spreekkamers | 56 | 0,4% |
| • Hospitale | 48 | 0,4% |
| • Gastehuise | 15 | 0,1% |
| • Prokureurs | 13 | 0,1% |

Alle eer aan ons Hemelse Vader vir wat Hy reeds deur die Gideon bediening gedoen het en nog steeds elke dag doen. Daar is vele getuienisse van mense, wat deur die werking van die Heilige Gees en met ‘n Testament, geplaas deur die Gideons, hul weg tot saligheid gevind het.

Sou jy dalk deur die Heilige Gees gelei word om op een of ander wyse by die bediening betrokke te raak, kontak asb een van die ses Gideons & Gideonsvroue in ons gemeente:

Jacques Odendal – 082 808 3459 of Riëtta Odendal – 082 904 0950
Eric Brand – 082 465 8620 of Louisa Brand 072 419 6411
Henk Louw – 072 837 0612 of Johanette Louw – 082 371 5717

Of stuur n epos na GideonsBellville@gmail.com



GIDEONS
INTERNATIONAL

# VAKATURE: SOPKOMBUIS BESTUURDER

Aksie Samaritaan is op soek na 'n betroubare, verantwoordelike en diensgerigte persoon om as Bestuurder by die Sopkombuis diens te doen. Die suksesvolle kandidaat sal toesien dat die perseel veilig, netjies en doeltreffend funksioneer en sal die daaglikse werksaamhede van die sopkombuis bestuur. Die Sopkombuis is van Maandae tot Vrydae tussen 11:00 en 13:00 oop.

Volledige inligting insake verantwoordelikhede, minimum vereistes, vergoeding ens. is op die kennisgewingborde en by die kerkkantoor beskikbaar.

Vir verdere navrae kontak Ernst 083 658 6860 of Jakkie 082 453 3862.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2026.

# VROUEDANKOFFER

Baie dankie aan almal wat reeds bygedra het tot die VROUEDANKOFFER.

Die bedrag van R21 850 (58 bydraes) is reeds ontvang.

Koeverte kan steeds enige Sondag in die mandjies geplaas word of per EFT gegee word na kerk se gewone bankrekening – bankbesonderhede soos op die almanak.

# NUUS UIT DIE FINANSIESKANTOOR

Ek gee graag terugvoer oor die afgelope 3 maande se syfers:

| | **Mei 2026** | **Junie 2026** | **Julie 2026** |
|---|---|---|---|
| Maandelikse dankoffers | 189 901 | 184 756 | 192 326 |
| Totale inkomste | 540 502 | 434 515 | 300 130 |
| Totale uitgawes | 443 066 | 404 211 | 348 565 |
| **Surplus / (Tekort)** | **97 436** | **30 904** | **(48 345)** |

Ons totale inkomste gedurende Mei-maand (en tot 'n mindere mate ook Junie) was hoër in vergelyking met ander maande as gevolg van die jaarlikse Basaar, en dit is dan ook die rede waarom ons 'n maandelikse surplus gedurende Mei en Junie gehad het.

Julie-maand se syfers is meer verteenwoordigend van 'n "normale" maand by De Eike, waar ons sien dat ons maandelikse uitgawes ons maandelikse inkomste oorskry. Dit is juis om hierdie rede dat ons ondersteuning nodig het vir die kleiner fondsinsamelings, soos die Wintersprokie-ete, die Sop en Soetes-kuieraand, die Kerrie-en-rys verkope by Gen2Gen se familiefees of die Potjiekos-kompetisie. Maar dit gaan nie net oor die geld nie. Dit is vir ons ewe belangrik, of selfs belangriker, om as lidmate, gemeentelede, gemeenskap en as familie en vriende te kan saamkuier. Ek sien daarna uit om julle daar te sien!

Groete tot volgende maand,
Elmari Schwenke-van der Walt




# UIT DIE BEEK 2027

Uit die Beek bied al generasies lank geestelike leiding en inspirasie vir gelowiges. 2027 is die tweede jaar in die reis van vier jaar deur die Bybel. Die skrywer is die bekroonde Stephan Joubert.

Normale prys: R290

**Afslagprys: R250**

Bestel by die kerkkantoor voor 22 September 2026.

# KOSMANDJIE

**DIE KOSMANDJIE**

Hartlike dank aan elkeen vir bydraes tot hierdie projek. Die lewe raak regtig duur en daar is gesinne in ons gemeente wat nou kan doen met 'n hupstoot. Ons bedien tans vier punte. Elke bydrae, hoe klein ook al, word baie waardeer. Finansiële bydraes is ook welkom.

Ons kort tans die volgende produkte :

- langlewemelk
- *idealmelk*
- kondensmelk
- vla
- droë bone / ertjies
- *mince mate*
- blikkies ertjies / mielies / groenbone
- blikkies vleis
- sardyne
- marmite




Nogmaals baie dankie vir elke bydrae.

Mandjie groete

# PREEKSKETS - SONDAG

## Tema: Hoe weet jy dit?



**Prediker:** Ds Adriaan Vogel

**Skriflesing:** Psalm 119:9-16

**Hoekom lees jy die Bybel?**

In Johannes 20:30 word daar opgemerk dat al die tekens wat Jesus voor die dissipels gedoen het nie daarin opgeteken is nie. Daar is ’n onmiddellike besef dat om die Bybel te lees is nie net om meer van God te leer nie. Maar wat is dit dan? Terwyl ons daarmee besig is, kan jy dalk vir my sê watter een van die baie vertalings is die beste om te lees.

Hierdie week vier ons Bybelsondag! Dit mag miskien vreemd klink, want is elke Sondag nie bedoel om gefokus te wees op die Bybel nie? Wel, ja en nee. Ja, want elke Sondag se boodskap kom uit die Bybel. Nee, want hierdie is nie net ’n fokus op ’n boodskap vanuit die Bybel nie, maar ’n spesifieke geleentheid om stil te staan by die waarde, bestudering en samestelling van die Bybel.

Tydens hierdie geleentheid gaan ons gesels met die Gideons, kortliks aandag gee aan Bybelkennis en daarna kyk na Psalm 119:9-16, om die vraag te antwoord: “Hoekom lees ons Bybel?”

**Lees die teks van Psalm 119:9-16**

**Waarna soek jy?:** In vers 9 kom die kritiese vraag op, “Hoe sal ’n jongmens sy lewenspad suiwer hou?” Dit leer ons iets van die gesindheid wat ons moet hê as ons die Woord van God lees.

**Dit borrel oor:** Een van die groot foute oor die Bybel is die indruk dat dit ’n reëlboek is wat al jou foute in die kollig wil plaas. In vers 10 en 12 lees ons die presiese teenoorgestelde. Dit getuig van ’n vreugde om te ontdek wat God wil leer.

**Lees in afhanklikheid:** Selfs nie met al die boeke op al die winkelrakke is dit maklik om die Woord van God te verstaan nie. Dit moet gelees word met ’n houding van afhanklikheid en verwagting.

**Koester die Woord:** Dit is meer as ’n boek om te leer en ’n teks om te verstaan. Dit is iets wat diep in jou hart leef en jou beeld van jouself begin verander.

**Vind vreugde:** In vers 13 tot 16 sien ons hoe die Woord van God vreugde bring. Dit is nie iets wat mense weerhou van wat lekker is, of straf as jy net buite die lyn trap nie. Dit lei jou op ’n pad na ’n diep verhouding met God.